


5 September 2021

ANTZ - 3 Jaar tot Gr 3



Kyk jy met **Jesus** se oë?

Jakobus 2:1-10



iets heeltemal anders wat teenoor iets staan. Hier is 'n paar voorbeelde. Kom ons kyk of julle die antwoorde ken:

- Kort (lank)
- Vet (maer)
- Mooi (lelik)

gesels tyd (vervolg)

Partykeer kyk ons so vas in iets en dink een ding is reg en 'n ander is verkeerd, dat ons soms groot en mooi goed mis. Miskien is daar 'n ou boek op 'n boekrak wat jy nie wil lees nie want die boek se omslag is lelik en vuil en die prentjies lyk so oudtyds en jy hou eerder van mooi moderne prentjies, maar op 'n dag lees jy die boek, en dan het dit die mooiste storie in. Of dalk hou jy nie van die geskenk want net in koerant papier toegedraai is en onder die kersboom lê nie en kies jy eerder die een wat mooi met blink papier toegedraai is met 'n strik om. Maar wat jy dalk nie geweet het nie was dat die geskenk wat binne in is, is baie meer werd en mooier wat in die koerant papier toegedraai is as die een in die blink papier. Ons moet nie altyd net na die buitekant van iets kyk en dit oordeel nie, ons moet ook kyk wat binne in aangaan.

Begin deur saam te bid

bid tyd

sing tyd

Liedboek: Lied 543: Here Jesus ek is klein

Here Jesus ek is klein
Maak U self my lewe rein
Laat ek altyd van U leer
Laat ek grootword tot U eer
O Jesus neem my
O Jesus lei my
O Jesus sterk my
En vorm my tot U eer

Liedjie: Die heel beste boek

Die heel beste boek is die Bybel
Die heel beste boek is die Bybel
Die heel beste boek is die Bybel
Wat my van God vertel
My B-Y-B-E-L
Het my van God vertel
Jy kan dit glo want die Woord sê so
My B-Y-B-E-L

gesels tyd

VROTEIER

Vroteier. Laat die kinders in 'n kring sit. Een is aan en stap al om die kring met iets soos 'n bal of sokkie in die hand. Hy of sy plaas die bal of sokkie agter die rug van een van die kinders in die

kring en stap aan. As die een agter wie dit geplaas is dit agterkom moet hy of sy die sokkie of bal optel en die persoon jaag. Die een wat aan is moet so gou moontlik die een wat jaag se plek gaan inneem om veilig te wees. As die een wat jaag die een wat aan was vang voor hy of sy deel word van die kring, is hy 'n vroteier en moet in die middel van die kring gaan sit. As die een wat aan was en die sokkie geplaas het, reg in die rondte beweeg en die een agter wie se rug die sokkie geplaas het dit nie agter gekom het nie en hy kom weer by hom, is hy uit en 'n vroteier en moet in die middel gaan sit. As daar reeds iemand in die middel is, ruil die spelers om en kan die ander persoon weer deel raak van die kring.

Hoe het dit gevoel om 'n vroteier te wees?
Is dit iets om na uit te sien of is dit beter om deel van die kring te wees?
Wat is die teenoorgestelde van vrot?

Kom ons kyk na nog teenoorgesteldes. 'n Teenoorgestelde beteken

BYBEL tyd

Die Bybel is die boek wat ons leer van God en Sy groot liefde vir ons. Ons leer in die Bybel dat die mens gesondig het. Dit beteken dat die mens het gekies om nie te doen wat God van ons vra nie. Maar kan julle onthou wat vra God van ons. Hy vra ons om vir Hom lief te wees en ook vir ander lief te wees. Maar die mense was liewer vir hulleself en wou net die beste vir hulself hê.

God het geweet dat die mense nie hulleself kan red nie en Hy het 'n plan gemaak en Jesus aarde toe gestuur om ons sonde te kom vergewe en ons weer te leer om vir God lief te wees en vir alle mense lief te wees. En toe het Hy ook sy Heilige Gees gestuur om vir ons te leer hoe om te lewe. Die Heilige Gees is soos daardie stemmetjie wat vir jou fluister wat is die regte ding om te doen. Maar as jy nie mooi luister nie, sal jy nie daardie stem kan hoor nie.

Die Bybel leer ons daar is een gebod of een reel wat alles saamvat, en dit is om vir God lief te wees met alles in jou, en ook vir jou naaste soos jouself. Die probleem is dat ons nie altyd vir ons naaste lief is nie. Partykeer kyk ons na mense en dink ons ons is beter as hulle. Ons kyk dalk na 'n maatjie en besluit maar die maatjie se klere is nie mooi genoeg nie, of haar speelgoed is nie blink genoeg nie of sy fiets is te oud om met jou saam te speel. En dan stoot ons daardie maatjie weg, want wat gaan ander mense van jou dink as jy met hom of haar speel.

Dit is nie hoe God wil hê ons moet lewe nie, want dit wys nie sy liefde vir almal nie. Maar kom ons lees daarvan in die Bybel.

Lees vir die kinders voor uit Jakobus 2:1-10

As ons na mense kyk en besluit hulle is goed of sleg net op hoe hulle lyk en wat hulle aanhet, dan oordeel ons hulle is is God se liefde nie in ons nie. Dan maak die sonde ons vuil.

Praktiese les:

Neem 'n deurskynende bottel vol water – dit wys ons lewe. As ek besluit maar ek doen net een klein sondetjie en ek kies om net een maatjie eenkant te stoot want hy of sy is te arm, dan is dit soos om net een klein druppel voedselkleursel in die water te gooi. Kyk wat maak een druppel aan die hele bottel water. Dit kleur die water en dit is nie meer helder nie. As ons net een klein sondetjie toelaat, en môre weer en oormôre weer dan raak my water al vuiler en is God se liefde nie meer so sigbaar in my nie.

Al hoe ons weer helder water kan word is om Jesus te vra om ons skoon te was. En ons moet Hom vra om vir ons liefde in ons harte te gee om lief te wees vir alle mense, al lyk hulle anders as ons.

Bid Tyd

Dankie Jesus dat U my ook 'n tweede kans gee om lief te kan hê. Help my om vir U lief te wees en ook vir my naaste soos myself. Amen

